Resensies

- Burger, Willie & Van Vuuren, Helize. 2002. **Sluiswagter by die dam van stemme.** Pretoria: Protea Boekhuis. (*Heilna du Plooy*) 139
- Grobbelaar, Pieter W., *samest*. 2003. **Die tweede gerf – stories op rym.** Pretoria: LAPA Uitgewers. (*Heilna du Plooy*) 141
- Dönges, Sarina. 2004. **In die tyd van die uile**. Pretoria: Protea Boekhuis. (*Karen de Wet*) 143
- Hugo, Daniel, *samest*. 2004. **Land van sonlig en van sterre: 'n Bundel gedigte oor Namibië**. Pretoria: Protea Boekhuis. (*Salomi Louw*) 149
- Marais, Johann Lodewyk. 2003. **Lae wolke oor Mosambiek: 'n Reisboek.** Wonderboom: Skeurklip. (*Heilna du Plooy*) 152
- Vos, Barend. 2004. **Gawie Grootwoord se groteske gebiddery … nog pastoriepetaljes en gemeentepenaries!** Pretoria: LAPA Uitgewers. (*E.A. (Betsie) van der Elst*) 153
- Wangerin, Walter. 2005. **Die verhaal van Paulus: 'n Roman.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Belia van der Merwe*) 154
- De Villiers, Pieter. 2004. **Boerneef sing.** Pretoria: Litera Publikasies. (*Awie van Wyk*) 157

Resensies

Beskouings oor die werk van Karel Schoeman

Burger, Willie & Van Vuuren, Helize. 2002. ***Sluiswagter by die dam van stemme.*** Pretoria: Protea Boekhuis. 387 p. Prys: R150,00. ISBN: 1 919835 93 2.

Resensent: *Heilna du Plooy*
(Skool vir Tale, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Karel Schoeman is ’n belangrike figuur in die Afrikaanse literêre wêreld. Met sy omvangryke oeuvre en veral vanweë die gehalte daarvan, is hy ’n skrywer wat ’n eiesoortige plek het tussen Afrikaanse prosaskrywers. In 2000 is daar by die kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging een dag se referate afgestaan aan die werk van Karel Schoeman en daardie referate vorm die kern van ’n versameling studies oor die werk van Schoeman wat byeengebring is in die bundel *Sluiswagter by die dam van stemme.*

Die boek, met ’n baie mooi buiteblad van Schoeman se eie keuse, bevat nie net akademiese artikels nie, maar ook ander belangrike bydraes. Die Voorwoord, waarin Schoeman se plek in die Afrikaanse literatuur aangetoon word en waarin die bydraes in die bundel kortliks aangedui en gemotiveer word, word gevolg deur ’n kort biografie van Schoeman, ’n artikel van Schoeman self oor die Groot Afrikaanse Roman (met hoofletters) en ’n onderhoud wat Gerrit Olivier met Schoeman gevoer het. Hierdie onderhoud is ’n belangrike bron oor Schoeman se opvattings oor die literatuur en die werklikheid aangesien Schoeman ’n baie teruggetrokke mens is wat selde onderhoude toestaan of gesprekke voer.

Die akademiese bydraes in die bundel is deurgaans van hoë gehalte en dek vele aspekte van Schoeman se werk. Daar is oeuvre-oorsigartikels van Gert Jooste (wat in besonder beskou word as ’n

kenner van Schoeman se werk), Helize van Vuuren en Carl Kieck. Die bydraes oor Schoeman as geskiedskrywer (deur Hermann Giliomee en Annie Gagiano) is onontbeerlik as die groot aantal wetenskaplike artikels en boeke oor historiese onderwerpe wat uit Schoeman se pen verskyn het en die belangrike rol van die geskiedenis in sy romans in ag geneem word. Daarna volg die bydraes oor Schoeman se romans in drie afdelings, "Ouer romans" met bydraes deur Hans Ester, Graham Pechey, J.M. Coetzee, Hennie Aucamp, Henriette Roos, Mardelene Grobbelaar, Luc Renders en Marianne de Jong, "Die *Stemme*-drieluik" met bydraes deur Louise Viljoen, Chris van der Merwe, Willie Burger, H.P. van Coller en A. Van Niekerk en "Verkenning", met bydraes deur Helize van Vuuren, Edward Burke, Henriette Roos, Pieter Duvenhage, Johann Rossouw en Philip John. Elke artikel gebruik 'n eie invalshoek en gevolglik bevat die bundel 'n gevarieerde en uitgebreide hoeveelheid navorsing oor Karel Schoeman as romanskrywer. Die bundel verkry statuur vanweë die statuur van die bydraers wat ervare akademici en deeglike kenners van Schoeman se werk is en aan universiteite in Suid-Afrika, Engeland, Nederland en België verbonde is.

Vir navorsing oor die werk van Schoeman sal niemand sonder hierdie bron kan klaarkom nie, veral ook aangesien die uitgebreide "Bronnelys oor die werk van Karel Schoeman" wat agterin verskyn en die lys van algemene artikels deur Schoeman wat sy fiksie in 'n bepaalde konteks plaas.

Die bundel vervul 'n belangrike funksie deur te voorsien in die leemte wat daar bestaan ten opsigte van boeklengtestudies oor die werk van Afrikaanse skrywers en die werk van Schoeman in besonder.

Hierdie tweede gerf – inderdaad 'n goue gerf!

Grobbelaar, Pieter W., ***samest*****.** 2003. ***Die tweede gerf – stories op rym.*** Pretoria: LAPA Uitgewers. 112 p. Prys: R99,95. ISBN: 0 7993 3173 2.

Resensent: *Heilna du Plooy*
(Skool vir Tale, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Die tweede gerf is 'n samestelling van vroeë verhalende gedigte in Afrikaans en dit is, sonder enige omhaal van woorde, fisies en inhoudelik 'n baie mooie boek

Grobbelaar is bekend vir sy kennis van volkskuns en -kultuur en daar het uit sy hand 'n indrukwekkende aantal publikasies gekom waarin sprokies, verhale, vertellinge, rympies en verse vir groot en klein opgeteken en bewaar is. Inderwaarheid bring hierdie soort publikasies ouer en soms vergete verhale en verse weer tot lewe en ander word daardeur aan die lewe gehou. Hierdie soort boeke vervul dus 'n bewaringsfunksie, 'n soort ekologie van die taal en die literatuur, en dit is noodsaaklik en waardevol dat sulke publikasies verskyn.

Hierdie bundel bevat verhalende gedigte van ouer digters in Afrikaans. Dit is in 'n sekere sin die goue oues van die Afrikaanse poësie en die deurlees van die bundel is soos 'n reis na 'n mens se vroeë kennismaking met poësie. Van F.W. Reitz en C.P. Hoogenhout en Pannevis tot Jan F.E. Celliers en Totius, van Leipoldt en Marais en A.G. Visser tot by C.M. van de Heever. Ek het self met soveel vreugde weer gelees aan "'n Afgeluisterde gesprek", waarin Hoogenhout spot en vermaan oor die gewaande byderwetsheid van 'n jonge dame wat haar taal meng, aan Celliers se "Klein ondeug" en aan "'n Sprokie" van Totius. Leipoldt se gedig "Die koperkapel kom uit sy graf" is een van daardie verse wat nooit sy onheilspellende appél sal verloor nie en wat 'n mens nou weer opnuut aangryp in hierdie land van ons, terwyl "Oom Gert vertel" nie net een van die bakens in die Afrikaanse literatuur is nie, maar ook Leipoldt se meesterwerk is. A.G. Visser, wat sekerlik een van Afrikaans se mees geliefde en tans sekerlik een van die mees onderskatte digters is, se afgeronde verse bly altyd heerlik om te lees en moet eintlik hardop gelees word. Hoeveel kinders het in die afgelope vyftig jaar nie "As dit fluit-fluit gaan" voorgedra nie, of

"Voorslag" met die oorbekende en wonderlike ritmiese aanvangsreëls:

> Appelblou skimmel met spierwitte maanhaar –
> Dit is die ryperd, die baasperd van my ...

Dan is daar ook die verhaal van die koringboer wat met sy roer na die wolke geskiet het toe die weer sy hooimied aan die brand geslaan het in A.D. Keet se "Die lied van die koringboer", sekerlik een van die bekendste legendes van Suid-Afrika.

'n Mens wonder of kinders deesdae nog sulke gedigte leer of lees. Dit sou so 'n ramp wees as dit nie gebeur nie, want hierdie soort verse trek kinders aan. Die ritme, die vloei en onderliggende gebonde reëls wat soos 'n inkantasie die leser en veral die voordraer vasvat en hou, die vaste vorm en metriese ritme lê die basis vir die liefde vir die taalspel wat die poësie altyd is. Daaruit ontwikkel die sensitiwiteit wat later van mense ernstige poësielesers maak.

Afgesien van die inhoud, is die boek ook baie mooi op grond van die verbeeldingryke en kleurvolle illustrasies wat op elke bladsy voorkom. Die illustreerder, Anette Stork, het op 'n uiters geslaagde wyse elke gedig se toonaard vasgevang in die illustrasies. Daar word gebruik gemaak van rekenaarverwerkte fotomateriaal wat geplaas word teen 'n agtergrond wat meer skilderagtig van aard is. Die leser sien dus die foto van die digter, maar die gedig self word ook beeldmatig uitgebou. Die verskeidenheid van visuele strategieë en tegnieke word baie goed geïntigreer sodat 'n mens uiteindelik 'n meervoudige ervaring het met die lees van die gedigte. Daar is byvoorbeeld die pragtige illustrasie by Eugéne Marais se "Die dans van die reën" wat 'n wonderlike verbeeldingryke voorstelling van die gedig is.

Hierdie boek is sekerlik 'n pragtige geskenk vir groot en klein en behoort 'n vreugde te wees vir elkeen wat dit besit. Die samesteller, die illustreerder en die uitgewer verdien elkeen 'n groot pluimpie.

Sketse uit die onbewuste se privaatste mitologie – Dönges se debuut boei en sny

Dönges, Sarina. 2004. ***In die tyd van uile***. Pretoria: Protea Boekhuis. 70 p. Prys: R89,95. ISBN: 1-86919-046-7.

Resensent: *Karen de Wet*
(Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria)

In die tyd van uile is Sarina Dönges se debuut alhoewel sy reeds in tydskrifte gepubliseer het en daar ook ’n aantal indrukwekkende verse van haar in *Nuwe Stemme 2* (2000) verskyn het. Dit is ’n interessant en goed afgeronde bundel deurdagte gedigte wat die lees werd is vanweë die ruie beelde en die reguit sê.

Die eerste afdeling word ingelei deur ’n motto uit Byron waarvan die laaste deel lui: “Sleep hath it’s own world, / And a wide realm of wild reality”. Hierdie afdeling is inderdaad dig bevolk van die onbewuste en die mitologiese, van teks wat al langs die rand stap van slaap. Slaap as skeiding of oorgangsplek tussen werklik en onwerklik, wakker en droom, bestaan en dood. Die tweede motto, van Hermann Hesse, sluit hierby aan: “Traum gibt, was Tag verschloss”. Die titelgedig stel dit al duidelik: die onbewuste word hier haar gang laat gaan: “in die tyd van uile / droom ek jou op / uit die ruigtes van slaap / verskyn jy op die drumpel / van my donkerkamer” (p. 7). Hierdie “Drome” (p. 9) is “die taal van die nag / met sketse uit die onbewuste / se privaatste mitologie”, maar funksioneer ook as “amulet teen realiteit” – aangesien slaap gesien word as teater: “drome verskyn / as akteurs wat die naakte self uitspeel”. En dis presies wat in “Asklepios se droominkubasie” (p. 12) gebeur wanneer die spreker, byna soos ’n soort Job, teatraal al die kwale voor die Griekse god van genesing uitpak. En in “Daniël aan Nebukadnesar” (p. 13) is die jong Jood se interpretasie van die magtige koning se droom ook ’n soort teatrale uitspe(e)l van die dreigende realiteit:

> Majesteit, u was ’n ontsaglike boom
> vir koeltesoekers en nesmakers; ’n spens
> vir die menigte, maar op dié trotse stam
> voel die Kolos jaloers, ja ietwat rens –
>
> m.a.w. die stem van God breek seders
> kap eiewaan af. U sal afgestomp
> transformeer tot ’n vierpotige kreatuur
> wat herkou, vlieë moet verduur ...

Die laaste verse in die afdeling neig sterker na die dood. Soos die beskrywing van "Thanatos" (p. 14), Griekse god wat die dood personifiseer, en broer van Hipnos, die god van slaap:

> jy is die trotse nagvors se paladyn,
> vernuftige stroper, 'n enigma: skyn
>
> word hier nie bewaar nie. jou taak is loodswaar,
> jy werk vir die Almoënde en die Barbaar ...

Die gedigte in *In die tyd van uile* wat met ouderdom, sterwens-begeleiding en sterftes handel bied 'n minder vermitologiseerde blik op die dood. Soos die aangrypende "Winterskap" (p. 15) waar die leed verhul word deur die sterwende direk aan te spreek en van praktiese wenke in nugter taal te bedien:

> Jy kan nou maar inpak ...
>
> by die poort wink die hekwag
> met 'n koppie Earl Grey-tee
> die engele het vir jou gedek
>
> met biltongbroodjies en kaas
> langs jou geliefde gemmerkat.
>
> die waterverfskilderytjies van jou oë
> hang skeef binne 'n houterige raam ...
>
> groet, stap deur jou laaste woud
> want dis die opstaantyd van uile
> en daar bó word jou tee al koud.

Hierby hoort ook die gedigte oor Helen Martins ("Uilhuis") en Elsabé Steenberg ("Vir die nekroloog" en "Soos bome is jy") asook die "Brief aan God, hoogleraar in pyn- en letselkunde: Insake Johann Bester".

Die maniere waarop "beheer" verkry word oor dit wat "werklik" is, is 'n tema wat in hierdie bundel dikwels deur Dönges verken word. En die middel wat hierdie beheer of mag gee, is herhaaldelik die onbewuste, die droom, en/of die woord. Maar veral die woord wat dan gedig met eie lewe, bestaansreg, mag word. Hierdie benadering geld ook die uitbeeld van verhoudings wat die daglig nie kan uitstaan nie. Vergelyk byvoorbeeld "Droomryk" (p. 21) se beskrywing hiervan.

> ... in die nagryk kraai ek koning
> word my domein jou wankelrige woning.
>
> hier geld my reëls, is jy die pagter –
> in my droomvanger bly jou troupand agter.
>
> gegrendel in die slaapkasteel word jy my buit
> op die landgoed van die ligvors sluit jy my uit.

Die tema van affairs en geïdealiseerde verhoudings word verder ontgin in gedigte soos "Só fnuik ek jou, mevrou" (p. 25) waar dit die onbewuste, die droom, die verbeelding, en les bes die vers is, wat die mag en die oorhand kry:

> só fnuik ek jou, mevrou:
> hy word 'n verstekeling
> in my drome ...
>
> hiér pleeg jou man egbreek
> hy dop my uit, 'n glipdruif, ...
>
> maar bedags is meneer getrou ...
> slegs in drome bly hy my buit.

Hierdie gedig is deel van die tweede afdeling waarin die liefde en vroue voorop staan. Die gedigte lees pront en met 'n lading nugter ironie wat die soort ongemaklike en selfs selfbejammerende swye wat dikwels rondom miskende vroue, vroue "in hul liefde verlaat" wat nog te sê Delilla-vroue, hoegenaamd nie duld nie. Miskien is hierdie Dönges se sterkste bydrae in hierdie bundel, haar mees kompromislose gedigte. 'n Voorbeeld is "My arme susters" (p. 30-31) waar die medelye diep onder die snykant begrawe word:

> vir julle skryf ek susters,
> wat in die liefde geval het
> ...
>
> julle wat gesmul het
> aan gesteelde pere
>
> ...
>
> julle wie se minnaars wortelskiet
> langs hulle geil vrouens,
>
> julle sal opeens wéét, liewe susters,
> (julle lywe uitgeskud soos meelsakke)
> dat julle bloot 'n bestandeel was
> nooit met liefde gesuurdeeg nie;
>
> julle was peuselkos
> aptytwekkers voor 'n maaltyd
>
> ag, my arme susters.

Terwyl "Lea aan Ragel" (p. 33) wel verslag gee van 'n soort vergeldende oorwinning:

> jy steel die appel van sy oog
> maar ek word sy kinders se Ma.
>
> ... die veragte sal baar
> dié bitter vrug sal die beminde pluk

Ook die twee beeldgedigte “Surviving Picasso” (p. 29) en “Nouvelle Cirque” (p. 37), asook “Dénouement” (p. 40) wat inspeel op die Sylvia Plath-geskiedenis, verloop in soortgelyke trant – met die metafore en intertekstuele gesprekke wat daardeur moontlik raak as verdere aanwins:

> Pierrot, ek stuur vir jou die pakkie
> met jou pantalon en in die sakkie
> langs die kant, jou rouge en omkrulskoene
> en jou puntmus (die pers een vol soene).
>
> aan die trapesium van drome swaai akrobate
> eindelik bevry van vangnette en ledemate.
> ...
>
> wat kan ek sê? Verby is die harlekinade
> in dié tent was liefde ons *salto mortale*.

In teenstelling met hierdie byna skouerophalende reaksie op ’n afwys deur die geliefde, hanteer “Medea” (p. 38) dit met woede en haat:

> ’n vrou het eenmaal lief
> en as die man van haar liefde
> wegdraai
> ...
>
> spin sy ’n gifkleed vir sy minnares
> brok sy die seuns van haar bors
> soos ’n korse brood, slyp uit haar wond
> ’n swaard blinker en skerper as glas ...

Dönges se “Naaktheid bedek alles” (p. 34) tree in gesprek met die “Wordende naak-”gedigte (N.P. van Wyk Louw, Johann de Lange):

> ... laat die wit jassie
> van die super-ego val
> want só word dié gedig
> ’n ontmoeting tussen geliefdes, kaal:
> sy trek haar borste aan, die ligbruines
> met roostinte en spitsvondig,
> hy dra die ongestrykte hemp
> van sy lyf ...

Die verwoording van ’n liefdesverhouding in terme van klere, lyf en gedig, word verder gevoer in “Uitrusting” (p. 35) en die onomwonde en ars poëtikale tekstase van “Die taal as beminde” (p. 41) wat ’n diverse dog ewe viriele teenhanger in “Die dood as minnaar” (p. 18) het. Verse wat ’n bydrae maak, ’n lees verdien.

In die tyd van uile bied ook ’n aantal aangrypende gedigte oor randfigure en siektetoestande waarin Dönges weer eens toon dat sy nie daarvan terugdeins om die “realiteit” te benoem nie – ook nie wanneer daardie “realiteit” die reeds verkende grens tussen bewus en onbewus, wakker en droom, verstand en gees, of selfs “regskape” en “wanskape” oorskry nie. Hiervan is “Paranoïse Skisofreen” (p. 45-6), “Inrigting” (p. 47) en “Brief insake Down-sindroom” (p. 56) voorbeelde – gedigte wat die leser nie ongeraak laat nie, wat ’n plek in die Afrikaanse poësie oopwig. Vergelyk byvoorbeeld die volgende reëls uit “Paranoïse Skisofreen”:

> Dokter God
> op my kaart staan
> ek is hier, want ek is
> stukkend in my kop
> m.a.w. my varkies is op reis
> buite my klapperdop
> (ons fop hulle lekker!)
> as hulle maar kon hoor
> hoe gabriël in my sing,
> ...
> hulle hou my dop
> soos voyeurs, ek weet
> hulle wil my gedagtes steel.

’n Verdere tema in Dönges se gedigte is die gebruik van die verhaalgegewens uit die Bybel. Ook hierdie gedigte gryp aan – hoofsaaklik oor die onverwagte en aweregse kyk wat dit bied. In “Oëverblindery” (p. 53) bewerkstellig die titel ’n ironiese omkeer as die towenaar Elimas se kulkunsies ontmasker en hy verblind word, en ook in “Apostaat” (p. 52) is dit die randfiguur se siening wat uitdagend gegee word:

> hiermee my apostaat:
> ...
> ek het my vonnis uitgedien,
> gaan voortaan met varke boer.
> bêre u silwerware en dramas
> vir dié wat terugsluip
> na u huis in Gouestraat,
> ek is nou renegaat.

Terwyl daar eweneens in “Konklusie” (p. 55) ’n verwytende, dog nugter en uitgelewerde toon van aanklag opklink:

U is die Vivisektor ...
U voer eksperimente uit
disseksies van die gemoed
en lyf. ons word proefkonyne
van ’n Kosmiese Sadis ...

“Narrery” (p. 51), waar die kruisiging op Golgota as “makabere teater” ingeklee word, is waarskynlik die ingrypendste hoogtepunt hier:

vir daardie laaste
eenman-vertoning
het hy eiehandig
sy dekor aangedra

(en met sy delikate bou
het hy ’n strip-show gehou ...

bokant sy bar hoof
dié gravure:
die rol van hoofnar
het nou ’n vakature)

Die laaste afdeling in die bundel bevat bewerkings van gedigte deur Ana Blandiana, Czeslaw Milosz en Rainer Maria Rilke en sluit af met die driedelige “Briewe aan ’n jong digter” (p. 65-68) waarin die kunsteoretiese besinnings wat dwarsdeur die bundel uit verskillende invalshoeke benader word (vergelyk byvoorbeeld “Ekspressionis”, “Outis”, “Uilhuis”, “Solipsis”, “Die taal as beminde”, “Prostituut”, ensovoorts), tot ’n hoogtepunt kom:

Poësie het slegs bestaansregs
as ’n noodwendigheid
– het u daarsonder asemnood
of broodgebrek?
(as dit ’n luukse is
soos nagereg na ’n maaltyd
is u die digter rede kwyt.)

Sarina Dönges se debuut laat die indruk van so ’n soort noodwendigheid by die leser. Die bundel bied verse wat blyke gee van ’n indringende verkenning van sowel die lewe (die dood as onontkombare minnaar hierby ingebed) as van taal en beelde (uit die bewuste, die onbewuste, uit verbeeldingsvlugte) en dit alles binne die raamwerk van ’n verskerpte bewussyn van skryf, beskryf en dit wat reeds geskrewe staan. Koop gerus die bundel en lees hierdie gedigte: “onbeskryflik veel / lê buite woorde om” (p. 66).

Titelkontras ook (kon)tekstueel

Hugo, Daniel, *samest.* 2004. ***Land van sonlig en van sterre: 'n Bundel gedigte oor Namibië.*** Pretoria: Protea Boekhuis. 77 p. Prys: R80,00. ISBN: 1-86919-0661-1.

Resensent: *Salomi Louw*
(Skool vir Tale en Kommunikasiekunde,
Universiteit van Limpopo)

Met die verminderende voorkoms van digters se solopublikasies is dit verblydend dat versamelbundels wel die lig sien.

Hugo se samestelling van gedigte oor Namibië dek digters van A tot amper Z – van Hennie Aucamp tot Everwyn Wessels; is ontleen aan publikasies vanaf 1934 (Schlengemann) tot tans; en sluit ook voorheen ongepubliseerde gedigte in.

In sy voorwoord verwys Hugo na Gerrit Komrij, wat in sy voorwoord tot *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte* meld dat hy "sonder 'n enkele vooropgestelde idee en ongehinderd deur watter belangegroep ook al, slegs na die poësie wil kyk" (1999:8). Elders sê Komrij dat hy sy keuse gemaak het op grond van wat tot hom persoonlik gespreek het. Hugo het soortgelyk opgetree. Hy skryf: "Vir hierdie bloemlesing het ek dié gekies wat my poëties oortuig."

Aangesien die samesteller persoonlike smaak as maatstaf gebruik het, staan dit die leser dus ook vry om eweneens persoonlik oor die ingeslote gedigte te oordeel en die moontlikheid dat verskillende lesers se sienings identies is, is hoogs onwaarskynlik.

Die kontras, inherent in die titel, is van toepassing op die tekste en die konteks: van kwatryn deur sonnet en ballade tot vrye vers; van son en woestyn en seeskap, deur dier en bos en klip tot mens, grensoorlog en danslied.

Hennie Aucamp se kwatryn, "Lig", is bykans 'n lugter vir die bundelinhoud en verwys na 'n *gids* (Hugo as gids deur gedigte oor dié land?), die woestyn en die San. Die 'sonlig' van die bundeltitel straal indirek hieruit:

> Die gids knak oop, 'n Boesmankers
> en steek dit brand, maar bra pervers:
> die hele Namib staan en blaker
> op die noenuur van sy Maker.

Marié Blomerus se “Plasse sterre” verteenwoordig die ander teenpool. In hierdie gedig van nege reëls kom verwysings na sterre vyf keer voor en die sterre is so oorweldigend dat dit ‘n mens “verstom” – daarom dan ook die herhaling en sterk alliterasie: so ’n oormag lig laat die kyker “oop mond” staan. Die nag is majestueus en onverwoordbaar.

Hierdie heersende motiewe word visueel voorgestel in die buiteblad met ’n foto van Sossusvlei (sonder erkenning aan die fotograaf).

Tussen die twee teenpole van sonlig en sterre lê ’n hele land in sy uitgestrekte verlatenheid, kontraste en bewoners. Die beskrywing van een so ’n bewoner se ondervinding in Martjie Bosman se “Brand op Brack” is treffend. Kontekstualisering ontbreek egter en die leser wat nie van die skilder Adoph Jentsch kennis dra nie, sal onbevredig wees deur die gegewe, anders as by die lees van Piet van Rooyen se “Pêrelhoenders” waarin die volledige omstandighede van “skilder Eriksson” geskets word.

Die verwysingsraamwerk is belangrik in hierdie bundel. Daar is talle gedigte waarin aanvaar word dat die leser die nodige kennis het om pragmatiese bande te lê. Die “vinger van God” in Trienke Laurie se “Die Mukurob” het egter wyer toepassing as net die klipsuil wat omgeval het, want uitsigloosheid en (Gods)verlatenheid word verwoord en “(d)ie tyd is op”. Hierdie verlatenheid word telkens in die gedigte geëggo, soos in R.K. Belcher se “Angra Pequena” waarin verwys word na “dié woeste land”.

Gedigte waarin die *Welwitschia mirabilis* ter sprake kom, hoort vanselfsprekend tuis in ’n versameling oor Namibië (Hennie Aucamp, Marié Blomerus, Pieter Claassens, Fanie Olivier, Merwe Scholtz en Hewitt Visser), soos ook die versteende woud (Laurie), maar die “Halfmensbome” of *Pachypodium namaquanum* van Petra Müller se gedig en ook genoem in Pieter Claassens se “Vers vir Conrad”, kom slegs suid van die Gariep (Oranjerivier) voor, in die Richtersveld. Na regte is dit dus nie tuis tussen gedigte oor Namibië nie. Hugo bied, voorafgaande tot die gedigte, ’n verduideliking aan vir sy in- en uitsluiting, maar het in enkele gevalle hierdie voorwaardes misken: dit kan byvoorbeeld verder bevraagteken word of Hennie Aucamp se “Horingsman”, Jan Spies se “teen ’n wind se vlae sand” en twee van Abraham Fouché se gedigte slégs in Namibië kon afspeel. Die subtitel van die versamelbundel is dus ietwat misleidend.

Die duine en woestyn, die Skedel- of Dodekus en Etosha ook word goed verteenwoordig, alhoewel in gedigte van oneweredige kwaliteit, ofte wel, nie ewe bevredigend vir ’n leser nie.

Weens die vorige betrokkenheid van Suid-Afrika by Namibië (Suid-Wes Afrika) is ’n leser dit ook te wagte dat talle gedigte na die grensoorlog sou verwys. Vergelyk, afgesien van die twee wat spesifiek deur Hugo uitgewys word, ook Johann Lodewyk Marais se “Plaas, Okahandja – Maart 1989”, Fanie Olivier se “by ruacana” en Chris Pelser se “Spieël”. ’n Verrassing hier is Doc Immelman se “By Prosit”, ’n ballade in die styl van “By Rietfontein se leidam” waarin die situasie in Duits-Suidwes tydens die Eerste Wêreldoorlog verdig word in die effek wat dit het op ’n huwelik: die lees hiervan ontketen ’n oudwêreldse herkenning op grond van interteks.

Hugo verdedig in sy voorwoord die insluiting van Wilma Stockenström se “Die eland”, wat nie spesifiek aan Namibië gekoppel kan word nie. Hierdie diggeweefde en beeldryke gedig verdien insluiting in enige bundel en dien ook as teenpool vir die speelse “Gebed aan Khoeb” en “Boesmanliedjie” deur Abraham Fouché (eweneens nie spesifiek Namibies nie) en Everwyn Wessels se “Hart van die Namib: Volstruisdansliedjie”. Die beperking van die subtitel word hierin opgehef.

Aangesien die digters se werk alfabeties gerangskik is, is hier nie sprake van groei of ’n klimaks nie. Daarby veroorsaak die wisselende verstegniese middele ’n hortende leeservaring, met die gevoel dat ’n ordening volgens motiewe of aanslag straks meer “persoonlike” genoegdoening sou verskaf. Die bundel open wel ’n nostalgiese reis vir enige leser wat kan visualiseer, maar veral vir dié wat al eerstehands kennis gemaak het met Namibië.

Dit staan egter te betwyfel of sommige van die gedigte, ingesluit op grond van konteks, in ag geneem sou wees waar verstegniese kwaliteit die maatstaf sou wees.

Hugo gee nie ’n aanduiding van die doel van die bundel nie, maar slegs dat dit ’n persoonlike voorkeur bevat. In ’n versamelbundel soos *Van sonlig en van sterre* is die leser dan onderworpe aan die smaak van die samesteller en hoef nie altyd saam te stem met die kwaliteit of oortuigingskrag van die ingeslote gedigte nie.

Fyn waarneming en menslike insig verwoord in vloeiende skryfstyl

Marais, Johann Lodewyk. 2003. ***Lae wolke oor Mosambiek: 'n Reisboek***. Wonderboom: Skeurklip. 123 p. Prys: Onbekend. ISBN: 0-620-30116-3.

Resensent: *Heilna du Plooy.*
(Skool vir Tale, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Johann Lodewyk Marais is 'n bekende, erkende en ervare digter met 'n besondere belangstelling vir en aanvoeling vir die natuur. Hy is ook sterk ingestel op bewaring, ook vir die meer afgeleë streke van Suider-Afrika. *Lae wolke oor Mosambiek* kan beskryf word as 'n reisverslag, maar dan met 'n spesifieke persoonlike aanslag geskryf sodat dit inderwaarheid 'n verslag van en besinning oor 'n individuele ervaring van Mosambiek is.

Die boek is gebaseer op 'n navorsingsreis wat onderneem is deur 'n span wetenskaplikes van die voormalige RGN wat ondersoek moes instel na die omstandighede en motivering wat trekarbeiders uit Mosambiek na Suid-Afrika laat kom; ook na die invloei van onwettige immigrante wat dikwels tot groot ontbering en trauma lei. In die boek is daar inligting oor hoe Mosambiekse mense Suid-Afrika sien en wat werk in die buurland vir hulle beteken. Dit is nogal verrassend om te lees dat vir Mosambiekse mans dit 'n teken van durf en moed is om na Suid-Afrika te kom en dat dit ontwikkel het uit die lang verbintenis van 'n eeu se uitwisseling van arbeid en ekonomiese middele tussen die twee lande. Daar word dus aandag gegee aan aktuele sake teenoor Suid-Afrika, die politiek van die verhouding tussen die twee lande, die houding teenoor Suid-Afrika op amptelike vlak in Mosambiek en die fisiese omstandighede van die mense in die land.

Wat egter aan die boek 'n eiesoortigheid gee, is dat Marais skryf met 'n fyn aanvoeling vir wat onder die oppervlak lê, wat die lewens van mense beïnvloed en hulle omstandighede bepaal. Daar word met 'n meer poëtiese ingesteldheid gekyk en in die bespiegelinge oor wat die skrywer beleef en waarneem, word in gesprek getree met filosofiese geskrifte en literêre tekste. Die skrywer skryf selfs 'n

gedig oor ’n palmboom tydens die reis en neem die gedig in die boek op.

Die boek is onderhoudend geskryf en bevat ’n groot hoeveelheid belangrike inligting wat die leser insig gee in die probleme van Mosambiek, maar ook in omstandighede wat die welstand van die subkontinent bepaal. As ’n werk waarin wetenskaplike verantwoordbaarheid, aktualiteit, fyn waarneming en menslike insig aangebied word in voortreflike en vloeiende styl, is hierdie boek hoogs informatief en baie goeie leesstof.

Briefsketse vol verbale humor

Vos, Barend. 2004. ***Gawie Grootwoord se groteske gebiddery ... Nog pastoriepetaljes en gemeente-penaries*!** Pretoria: LAPA Uitgewers. 128 p. Prys: R69,95. ISBN: 0-7993-3192-9.

Resensent: *E.A. (Betsie) van der Elst*
(Voorheen verbonde aan die Dept. Afrikaans & Nederlands, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Op die agterblad van *Ligvoets*, ’n keur van vyftig humoristiese verhale, noem P.G du Plessis dat die Afrikaanse letterkunde nie gekenmerk word deur humor nie: “… (jy) vind baie gou uit dat die Afrikaanse gekanoniseerde letterkunde stink na die dood, teleurstelling, verontregting, misnoegdheid, gekneldheid, tot-die-dood-toebeproefdheid, en dergelike smarte – met of sonder hoop vorentoe”. *Gawie Grootwoord se groteske gebiddery* val beslis nie in genoemde kategorie nie. Barend Vos, skrywer en predikant, se weergawe van petaljes in die gemeente en penaries in die pastorie is vol humor. Dat humor ’n rol gaan speel, word al in die titel geïnsinueer met die oordrewe alliterasie en die ongewone woordkeuse (“groteske gebiddery”).

Die werk bestaan uit 18 sketse in briefvorm. Die skrywer van die briewe staan in die gemeente bekend as Jongdominee, en hy lewer in briewe aan sy ouers ’n relaas van wat in die pastorie en die gemeente afspeel. Sy briewe onderteken hy met Grootseun.

Vir die leser wat reeds die blitsverkoper deur dieselfde skrywer, *Tannie Perskop se potjiekospenarie … en ander pastoriepetaljes!* gelees het, sal die karakters met die beskrywende name ou bekendes wees. Daar is tannie Perskop, Heilige Hannie, Sakkie Skool, Karel Koster en les bes Gawie Grootwoord met sy "wanordelike woordgebruik" (p. 11). Hy is byvoorbeeld dankbaar dat die kerkraad hom afgevaardig het na die spesiale ringsitting "sonder om eens daaroor te ignoreer" (p. 10). Ook het hy Jongdominee ingelig dat hy "peppermint ongeskik verklaar is by die werk" (p. 10). Op luimige maar goedige wyse word daar gehekel met hierdie figure se eienaardighede of tekortkominge, en Jongdominee en sy vrou ("MyMooiste", "MySlimste" of ander beskrywende benamings na gelang van die omstandighede) se hantering daarvan.

Fred Mouton se kostelike illustrasies is 'n uitstekende aanvulling tot die verbale humor. Die illustrasies verskaf op hulle eie al baie plesier. *Gawie Grootwoord se groteske gebiddery …* is 'n ideale geskenk en 'n voorleesboek.

Die verhaal van Paulus in moderne Afrikaans

Wangerin, Walter. 2005. ***Die verhaal van Paulus: 'n Roman.*** (Uit Engels vertaal en verwerk deur George Weideman.) Wellington: Lux Verbi.BM. 550 p. Prys: R169,95. ISBN: 0-7963-0200-6.

Resensent: *Belia van der Merwe.*
(Hotazel)

Die verhaal van Paulus is die verhaal van die veelbewoë en stormagtige beginjare van die Nuwe-Testamentiese Kerk waarin die figuur van Paulus, apostel onder die heidennasies en onverskrokke kampvegter vir Christus, sentraal staan. Die sober beskrywing van gebeure soos 'n mens dit uit die Bybelboek Handelinge en Paulus se briewe ken, vorm die boustof vir 'n grootse en dramatiese verhaal van botsende persoonlikhede, emosionele konfrontasie, brandende ywer, vervolging en triomf.

Saam met Paulus, die klein mannetjie met maer krom beentjies en 'n besondere groot kop op sy dun nekkie, word bekende name uit die Nuwe Testament werklike vlees en bloed. 'n Groot aantal van

hierdie persone tree op as vertellers. So kry ’n mens byvoorbeeld die perspektief van die getroue en liefdevolle Prisca (vrou van Akwila), die konserwatiewe Jakobus, die groot hartlike Barnabas, die jong Timoteus, die opgewekte Titus en vele ander. Lukas se weergawe is ’n byna woordelikse aanhaling uit Handelinge en gedeeltes van Paulus se briewe aan die verskillende gemeentes word net so gebruik.

Die verskillende en uiteenlopende vertelperspektiewe dra daartoe by dat die verloop van die baie bekende gebeure deurentyd boeiend bly. Die spanningselement word verder verhoog deur die invoeging van briewe van die beroemde wysgeer Seneca. Hy skryf agtereenvolgens aan sy moeder, sy broer, sy neef asook aan Feliks, goewerneur van Palestina en in hierdie briewe ontvou gebeure wat ’n ingrypende invloed op die Christene sou hê. Seneca beskryf die jeugdige Nero oor wie hy as voog aangestel is as arrogant, verwaand en wreed. “... al dra hy die leeu se maanhare en al het hy die leeu se mag, het hy die mannetjieskat se maniere” (p. 432). In die vyfde bewindsjaar van Nero skryf Seneca aan sy moeder:

> Die wêreld het ’n nuwe god ... hy aanbid homself alleen; hy luister nou slegs na sy eie grille en sy eie wil ... ’n Skadu is besig om oor ons te val, breër as Rome en donkerder as die dood self (p. 525).

Die verhaal verloop min of meer chronologies vanaf die gebeure op die Damaskuspad tot en met Paulus se laaste dae as gevangene in Rome. Terugflitse en terugskouings deur sommige vertellers sorg egter vir ’n vollediger geheelindruk. So vertel Paulus byvoorbeeld vir Priscilla, nadat hy al saam met haar en Akwila in Korinte begin werk het, wat presies op pad na Damaskus gebeur het (p. 243) en ook Simon Niger deel sy herinneringe van daardie dag in Jerusalem toe hy gedwing is om Jesus se kruishout te dra (p. 100).

Soos met Walter Wangerin se wêreldwye topverkoper, *Die Boek van God*, het George Weideman ook *Die verhaal van Paulus* meesterlik vertaal en verwerk in eietydse Afrikaans. Die sappige idiomatiese taalgebruik laat ’n mens glad nie vermoed dat die werk nie oorspronklik in Afrikaans geskryf is nie. So verwys Paulus byvoorbeeld na die waaierstertmuis wat hy eens op ’n tyd in Dafne geëet het as ’n “knibbelkarkassie” (p. 92) en “fyntuinvarkie” is volgens Barnabas die “bobaasresep” vir ’n gestopte speenvark (p. 93). By monde van Titus hoor die leser hoe Paulus, in sy ywer om Christus te verkondig, homself en sy metgeselle nie spaar nie:

> Ons rus skaars. Dis die reënseisoen, maar Paulus is ligdag op, en of dit nou stortreën en of die son op jou kop neerbak, hy lóóp. Hardloop, kan jy amper sê, die man kan sy voete versit hoor! Ons volg ore in die nek (p. 143).

Vir Titus is die groot geselskap wat saam met hom en Paulus van Jerusalem op pad na Antiogië is "'n hele norring mense" (p. 178) en as die vet en bloesende Eratus saam met die gewapende wag sy weg deur die skare baan, sê Prisca: "Wat 'n man! Hy gly soos 'n vierperdwa verby, bedek met koperbande en sierade" (p. 411).

Die verhaal van Paulus is 'n heerlike leeservaring en die vele humoristiese beskrywings dra baie hiertoe by. So merk Barnabas byvoorbeeld op dat Titus so sit en grinnik nadat die diensmeisie Rodé vir hom geglimlag het, dat hy "... eintlik so 'n bietjie lyk soos 'n deurgesnyde spanspek" (p. 150). Eratus, markmeester in Korinte, is 'n enorme man en Timoteus meen dat Eratus se omhelsing seker vir Paulus moes gevoel het asof "'n beskilderde muur op 'n mens omval" (p. 252). Vir die besadigde konserwatiewe Jakobus is Paulus se voortvarende optrede dikwels problematies. Tydens die laaste week in Jerusalem net voor Paulus se gevangeneming, beskryf Jakobus hulle twee se aankoms by die tempel soos volg: "... toe skarrel hy voor my uit deur die hoë tempelgang tot binne in die voorhof, armswaaiend en kekkelend tussen die pelgrims deur, met minder diskresie as 'n hoender!" (p. 498).

Die verhaal van Paulus sal geen leser onaangeraak laat nie. 'n Mens kom diep onder die indruk van die menslike dramas wat in die eerste gemeentes afgespeel het. Nie alleen het die Christene gely onder Romeinse vervolging nie, maar hulle was ook onderling erg verdeeld. Vir die fanatieke wettiese Jode was Paulus se prediking dat 'n mens vrygespreek word alleen omdat jy in Christus glo en nié omdat jy die wet onderhou nie, niks anders as heiligskennis nie.

Paulus se aangrypende verhaal eindig waar hy 'n gevangene in Rome is, maar die boodskap wat hy verkondig het, leef voort. In die woorde van Prisca: "Paulus het nooit ophou praat nie. Hy het na die hemel toe gepraat. En uit die hemel het daardie stem na ons toe teruggekom soos reën uit wolke, of soos daglig ..." (p. 547).

Gevierde komponis se pragboek 'n aanwins

De Villiers, Pieter. 2004. ***Boerneef sing.*** Pretoria: Litera Publikasies. 159 p. Prys: R199,99. ISBN: 0 9584 626 X.

Resensent: *Awie van Wyk*
(Koorleier: Universiteitskoor,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Litera Publikasies het met *Boerneef sing* 'n baie keurige publikasie die lig laat sien. Pieter de Villiers se komposisies van uitgesoekte verse (tien siklusse), sowel as die kunstige illustrasies deur Pieter Grobler is gewis 'n belangrike publikasie in die Suid-Afrikaanse koorgeskiedenis. Nog 'n unieke eienskap van hierdie boek is die feit dat dit in die komponis se eie musiekhandskrif uitgegee is – tipies van prof. Piet: herkenbaar, leesbaar en netjies – gereed vir sang en klavierbegeleiding!

Pieter de Villiers word beskou as die beste toon-woordskilder in ons land – waarvan die eerste siklus: "Sewe Boerneef-liedjies" 'n sprekende voorbeeld is. Die werk is baie bekend – menigmaal deur bekende sangers en begeleiers uitgevoer. Die weergawe van die sopraan, Gerda Hartman en die komponis self, sal my altyd bybly. Die eerste keer dat ek "Die berggans" en "Aandblom" gehoor het, was 'n roerende onbegeleide voordrag deur die Universiteitskoor van Stellenbosch onder leiding van Philip McLachlan. Wie kan die wysies en harmonieë mooier sê? De Villiers se werk straal eenvoud, eerlikheid en egtheid uit – 'n natuurlike gawe, wat hy met soveel inspirasie oordra aan die kunstenaar.

As kollega van prof. Piet het ek verskeie kere die voorreg gehad om sy nuwe werke met groot opwinding en entoesiasme vir die eerste maal te hoor. Terwyl hy speel, mompel-sing hy die wysies in 'n lae basregister – verduidelik elke nabootsing, tema en toonaard. Dit alles het gepaard gegaan met heelwat gelag, geskerts en groot konsentrasie – want soms moes ek die die teenstemme bladlees!

Om gestalte te gee aan Pieter de Villiers se musiek moet jy kan tel, goed intoneer, atmosfeer skep en jou inleef in sy vlakke van klank en verbeelding. Met die aanleer van sy meer moderne werke is dit nie altyd so maklik nie – dit verg baie deursettingsvermoë. Pieter de Villiers se musiek groei egter verslawend in op 'n mens!

Aangesien die bekombaarheid van bladmusiek in ons land skaars is, bied *Boerneef sing* kore en sangers die geleentheid om hulle repertorium uit te brei met konserte en kunswedstryde. Ons musikale geesgenote in Nederland se reaksie op die boek is juis baie positief. Die ruim subsidies van die Rupert Musiekstigting en die L.W Hiemstra Trust verdien dus alle musiekliefhebbers se lof, omdat hierdie skenkings Litera Publikasies in staat gestel het om toonsettings van die Boerneef-gedigte te kon uitgee. Dit bly belangrik en noodsaaklik om musiek uit eie bodem vrylik beskikbaar te hê om uit te voer en te deel met ander Suid-Afrikaanse musiekliefhebbers.

Met hierdie publikasie word ’n musiek- en woordskat nie net keurig bewaar nie, maar word ook hulde gebring aan die inspirasie en musikale vaardigheid van Piet Vingers.